

baktrokke (koletrokke)	2530
veetrokke	541
geslote goederetrokke	477
skameltrokke <sup>7)</sup>	375
lang baktrokke	979
plat trokke	10

Van hierdie trokke was daar by die uitbreek van die oorlog ongeveer 194 in Natal as gevolg van die uitreis van persone en die verbreking van die verkeer met Natal en die Kaapkolonie. Daarvan is later 26 teruggevind in Natal. Ongeveer 222 was in die Kaapkolonie; die verlies hiervan is grotendeels vergoed deur die 252 Natal-voertuie wat op die besette deel van die Natallyn gevind is, en die Kaapse en Natalse voertuie wat by die begin van die oorlog op die NZASM-lyne was. Daar was egter nie genoeg veetrokke nie en ook onvoldoende plat trokke wat gebruik kon word vir die vervoer van kanonne en ossewaens.

Die transport van steenkool het baie verminder en hiervoor was nog slegs 'n klein deel van die baktrokke nodig. Daar was ook skameltrokke oor wat anders vir spoorstawe en lang hout gebruik kon word. Daar is 315 baktrokke deur die aanbring van tydelike hekwerk verander in veetrokke en 139 baktrokke en 223 skameltrokke is deur die wegneem van die skotte en die skamels in plat trokke verander.

### (3) Werkzaamhede in Natal

Toe die diplomatieke briefwisseling in die loop van September (1899) uiters gespanne word en die oortuiging veld wen dat Engeland oorlog wou en sou verklaar ongeag of die Republieke aan nog meer eise sou toegee of nie, kon verwag word dat Transvaal die inisiatief tot die aanval sou neem. Daardeur sou hy sekere voordele kon bereik solank as die Britse leër in Suid-Afrika nog swak was. So het dit ook gebeur, hoewel dié voordele deur gebrek aan aktiwiteit by Kimberley en Ladysmith met die prysgawe van hierdie dorpe weer grotendeels verlore gegaan het. Lank reeds is verwag dat die eerste aanval van Britse kant sou kom en dat die oorlog sou begin met 'n inval uit Natal oor Laingsnek in Transvaal. Die Regering van die Republiek wou nie deur sametrekking van (gewapende) burgers aan die grense aanstoot gee nie, sodat so 'n inval heel gemaklik sou gewees het. Daar is slegs enkele posisies bepaal waar hulle sou probeer om die vyand teen te hou en ook is die nodige maatreëls geneem om die spoorweg onbruikbaar te maak. Onder meer is 'n ysterbrug van 50 meter spanning so voorberei dat dit binne baie kort tyd na ontvangs van die bevel opgeblaas kon word.

Om tot die laaste oomblik vanuit 'n stasie te kan sein is toestelle in 'n ander as die gewone seinkamer geplaas, sodat nog uit 'n plotseling oorvalle stasie berig gestuur sou kon word. Ook is die nodige loodsekeringe aangebring om te voorkom dat die vyand deur sterkstroom ons telegraafstasie buite

werking sou stel. Maar al hierdie voorsorge is tot nou toe onnodig, want die loop van die gebeurtenisse was anders. Die Britte is verras deur die inisiatief van die Republieke, het hulle nie sterk genoeg gevoel nie en het in alleryl van die grense teruggetrek om hulle in Dundee en Ladysmith te konsentreer. Die Boere het sonder teenstand te ontmoet Natal binnegetrek.

Die kommandant-generaal het op 14 Oktober (1899) beveel om die Natalse spoorweg te beman en ten behoewe van die militêre vervoer te eksploiteer. Soos die Boerekommando's voortgetrek het, is die Natallyn geopen:

17 Oktober (1899)	tot Newcastle	62 kilometer
20 "	" " Dannhauser	98 km
22 "	" " Hattingspruit	110 km
25 "	" " Glencoe	122 km
27 "	" " Dundeesylyn van	9 km
2 November (1899)	tot Elandslaagte	171 km
7 "	" " Modderspruit	187 km

Voordat 'n nuwe gedeelte van die Natallyn geopen is, is natuurlik noukeurig ondersoek of dit bruikbaar was. Dit het geblyk dat die Britse spoorwegpersoneel heel oorhaastig teruggetrek het, dat van hul kant geen konstruksiewerke verniel was nóg andere beskadigings toegebring was nie. Ook die tunnel onder Laingsnek was geheel onbeskadig. Op 'n paar plekke was die spoorlyn opgebreek maar dit kon spoedig herstel word. Ook was 'n enkele wissel in die hooflyn weggeneem en bowendien het hulle alle telegraafstoestelle uit die stasies saamgeneem.

Die Boere self het die herstellploeg meer las besorg weens hul vrees om deur gepantserde treine oorval te word of om ander redes. Hulle het die telegraaflyn oor groot afstande verniel en die spoor hier en daar opgebreek en enkele brûe beskadig. Om die terugtog van generaal Yule uit Dundee te bemoeilik het die Ierse brigade 'n bruggie van 2 by 30 voet in die Dundeesylyn (kyk figure 1 en 2 op p. 418 en 419)<sup>8)</sup> met 'n lading dinamiet op die middelpilaar opgeblaas. Die vernieling was nie baie afdoende nie en is gemaklik herstel. Dieselfde gebrekkige metode het beter geslaag by 'n dergelike brug oor 'n spruitjie by Waschbank (kyk figuur 3, p. 420)<sup>8)</sup> maar ook hier was die herstel nie moeilik nie.

Tengevolge van die gebrekkige bewaking van die spoorweg in Natal het dit enkele Engelse in die nag van 8 op 9 Desember (1899) geluk om die groot brug oor die Waschbank(spruit) te beskadig. Hierdie brug bestaan uit twee spanne van 100 voet elk en is slegs deur 'n paar swartes bewaak wat op loop gegaan het. Die daders was egter te haastig sodat hulle slegs die laaste gedeelte van 'n borand by die middelpilaar met 'n lading dinamiet deurgeskiet het (kyk figure 4 en 5, p. 421 en 422).<sup>8)</sup> Die onderrand het onbeskadig gebly en die brug het bly lê. Die weggeloepe swartes het berig van die aanslag gebring sodat

die eersvolgende trein vertraag kon word totdat die herstel voltooi was. Dit het eenvoudig bestaan uit 'n pilaar van hout-dwarslêers onder die tweede knooppunt. 's Middags om 2 uur was die brug weer berydbaar. Ook die brug oor die Zondagsrivier is, terwyl die wag geslaap het, deur kwaadwilliges in die nag van 30 November (1899) lig beskadig.

Op 2 November (1899) is die stasie Elandslaagte geopen. Dit is bestem tot eindstasie van gereelde verkeer en opslagplek van die kommissariaat, waarvoor 'n paar ekstra wissels en spore gelê is.

Tot by die Hooflaer van die Boere by Modderspruit is in konvooi<sup>9)</sup> gery en op hierdie punt van die lyn, ongeveer 5 à 6 km van Ladysmith, is 'n tydelike stasie (kyk figuur 6, p.423)<sup>8)</sup> ingerig. 'n Ompadspoor en twee doodloopspore is gelê en 'n opgehoogde perron is van dwarslêers en planke gemaak. Later is daar nog 'n goederloodsie opgerig wat van die stasie Ingagane in Natal weggeneem is.

Verskeie van die stasieterreine in Noord-Natal was deur die Britte met die oog op groot troepebewegings aansienlik uitgebrei en vir die ruitery van lang, opgehoogde aflaaiplekke voorsien, terwyl ook die watervoorsienings vergroot was - verbeteringe wat die eksploitasie ten behoeve van die vooruitgeskewe leër goed van pas gekom het. Die telegraaflyn is onmiddellik agter die voorttrekkende leër herstel. Bowendien is in die stasies tesaam 22 telegraafstasies geplaas. Weens die eenvoudigheid van die installasie en die geringe aantal daarvoor benodigde elemente is die telegraaf in Natal ingerig met Amerikaanse gelykstrom.<sup>10)</sup>

Toe in die laaste dae van November (1899) generaal Joubert van sy inval in Natal tot Estcourt en Wenen teruggekeer het na die noordoewer van die Tugela, is hierdie sterk natuurlike posisie deur die Boerekommando's beset. Die Tugelaspoorbrug by Colenso is verniel. Dit is in regstreekse opdrag van die militêre owerheid deur 'n opsigter van die Maatskappy gedoen. Hy het soos andere vroeër by die genie in Nederland gedien en was dus geen onkundige in die vernielingswerk nie. Die brug bestaan uit 5 ystervakwerkspanne van 100 voet op gemesselde pilare. In elk van die brêe (spanne) is op ongeveer die halwe lengte teen elk van die konstruksiedele, onder- en borande, lengtedraers ensovoorts 'n lading dinamiet bevestig, sodat daar in totaal 40 ladings was wat almal in een kabel met 'n elektriese ontsteker van Siemens en Halske verbind is. Die 40 ladings het op dieselfde oomblik ontplof, waardeur die brug heeltemal verwoes is. Daarna is ook een van die steenpilare nagenoeg met die grond gelykgemaak (kyk foto's p. 434, figure 7 en 8).<sup>8)</sup>

Ons voeg hierby 'n skets van die brug by Norvalspont oor die Oranjerivier wat ook deur personeel van die NZASM opgeblaas is (kyk die afbeelding figuur 9, p. 435).<sup>8)</sup> Drie spanne is verniel deur die aanbring van ladings dinamiet in die onder- en borande en teen die lengtedraers. By die bakvormige onder- en bo-

rande is, soos die skets toon, die dinamiet geplaas tussen die yster en 'n houtblok van ongeveer 10 cm dikte. Dit was teen 'n plankie gespyker wat onderskeidelik bo of onder die rand bevestig is. So 'n lading het ongeveer 80 patrone van ongeveer 5 kg dinamiet bevat. In hierdie geval is suinig gewerk sodat vir die drie spanne slegs ongeveer 3½ kaste of 90 kg dinamiet gebruik is. Ook hier het die ontploffing van die verskillende ladings gelyktydig deur die elektriese ontsteker van Siemens plaasgevind. Aan die ysterpilaar was niks gedoen nie, dit het vanself omgeval.

Die wabrug, nie ver van die spoorbrug by Colenso, is nie verwoes nie. Dit is eers na die slag by Colenso (15 Desember 1899) deur die Britte stukkend geskiet.

By Nelthorpe op die Colenso-Ladysmith spoorlyn was vroeër tydens die omsingeling van Ladysmith nog 'n bruggie verniel.

Om die Tugelaposisie gemaklik te kan bereik, het die kommandant-generaal dit wenslik geag om 'n wabrug oor die Kliprivier op die pad van Elandslaagte na Colenso te bou. Hierdie brug is gelê langs die bestaande, baie slegte drif, is ongeveer 50 meter lank en is geheel gebou van planke van 3 by 9 duim en met staalkabels veranker om enigsins teen hoog water bestand te wees (kyk foto's figure 10 en 11, p. 434.<sup>8</sup>)

Om 'n verbinding te hê tussen die posisies, wat die Boere nog ten suide van die Tugela gehad het, is deur die NZASM-personeel ook nog 'n bruggie oor die rivier gebou wat vir voetgangers, perde en desnoods voertuie geskik was. Dit is agter die sogenaamde Boschkop of Monte Christo gebou. Daar is eenvoudig balke in die vlak rivier gelê, van rots na rots met kabels veranker. Die brugdek is gevorm deur houtdwarsslêers wat uit die nabye spoorweg geneem is, en deur 'n spoorstaaf aan elke kant aanmekaar gehou is. Hierdie dwarslêers is 2,20 meter lank en vorm dus 'n dek van voldoende breedte (kyk foto figuur 12, p. 436.<sup>8</sup>)

Nadat die Boere die posisie prysgegee het, het hulle die bruggie net soos die ponte wat in die nabyheid gebou is, in die nag van 19 op 20 Februarie (1900) verbrand.

Omdat die wapad so besonder sleg was, was die kommandant-generaal van mening dat die verbinding met die Tugelarivier-posisies nog verbeter kon word deur die stuk spoorweg van Nelthorpe langs stasie Pieters tot aan die Tugela naby die voetbrug in gebruik te neem. Daartoe is op 17 Desember (1899) bevel gegee. Hierdie stuk lyn was ongeveer 11 km lank en min beskuldig. 'n Bruggie by Nelthorpe (kyk foto figuur 13, p. 436)<sup>8</sup>) moes slegs herstel word. Enkele Natalse oop goederetrokke het agtergebly wat voldoende vir die behoefte aan vervoer sou wees, maar daar was geen lokomotiewe nie. Hulle kon slegs van Modderspruit oor 'n baie slegte pad van ongeveer 20 km gebring word. Twee 19-tons lokomotiewe is in Johannesburg gedeeltelik gedemonteer. Op 'n sterk bestelwa soos vir die vervoer van stoomketels gebruik word, is die ketel gelaai en op 'n ander die onderstel en

so met wa en al op spoorwegtrokke gelaai. Die transport oor die wapad het baie moeite weens steiltes, modderdripte en hoogwater veroorsaak (kyk foto figuur 14, p. 436).<sup>8)</sup> Tog het hulle op 28 Desember (1899) by Pieters aangekom en was hulle op 30 Desember vir diens gereed. Dié gedeelte van die lyn is op 3 Januarie (1900) vir die verkeer geopen. Die lyntjie het natuurlik nie so veel diens gedoen nie, daar die lengte te gering was om die besparing aan transport oor 'n slegte pad te laat opweeg teen tweemaal aflaaï en al die oponthoud en verliese daardeur veroorsaak. Toe in die laaste dae van Februarie (1900) die posisies by Colenso en Ladysmith prysgegee is, moes die twee lokomotiewe agtergelaat word nadat hulle deur die saamneem van die skêrbeweging onbruikbaar gemaak was.<sup>Da)</sup>

Op dieselfde wyse as wat bo beskryf is, is ook 'n lokomotief getransporteer van Modderspruit na Smith-crossing, 'n punt van die Ladysmith-Harrismithlyn, om op dié lyn, waar slegs een lokomotief agtergebly het, diens te doen. By die ontset van Ladysmith kon hierdie twee lokomotiewe betyds buite bereik van die Britte gebring word.

Die voor die hand liggende denkbeeld om 'n spoorwegverbinding om Ladysmith heen te maak, byvoorbeeld vanaf Modderspruit langs die Boereposisies tot Pieters, is ook geopper, toe geblyk het dat die beleg 'n saak van langer duur sou word, maar dit is laat vaar weens die groot afstand en die terreinmoelikhede.

Generaal Buller het eindelik op 18 Februarie (1900) en die volgende dae geslaag om die belangrikste posisies aan die suidekant van die Tugela te verower en vandaar verder vorentoe te dring. Dit het, ook in verband met die teenspoede in die Vrystaat, gelei tot die beëindiging van die beleg van Ladysmith en die krygsraad het besluit om posisies op die Biggarsberge in te neem. Op 1 Maart het die laaste trein Modderspruit verlaat en is slegs 'n paar Natalse goederetrokke agtergelaat. Hulle het langs die spoor gestaan en diens gedoen as woonwaens vir die personeel. Die laaste trein was nouliks weg, toe val die eerste bomme op die stasieterrein.

Die terugtog van die spoorwegpersoneel en materieel tot by die stasie Glencoe het in volmaakte orde plaasgevind. Alle telegraafstoestelle is saamgeneem. Op die middag van 1 Maart (1900) en die volgende nag het die sogenaemde springtrein gevolg. Alle brûe, talle gemesselde duikers (culverts) en die opgaarbakke vir watervoorsiening is "opgeblaas" (kyk foto's figuur 15, p. 437 en 16, p. 438).<sup>8)</sup> Hierdie bakke is ongeveer een meter hoog en gemaak van gietysterstukke van vaste model, sodat hulle gemaklik vergroot kon word, en het op gietysterpilare gestaan. Van hierdie pilare is enkele opgeblaas, waardeur die opgaarbak in talle stukke uit mekaar geval het. Die opblaas van brûe het plaasgevind soos by die Colensobrug vermeld is. Geen suinige gebruik van springstof, waaraan geen gebrek was nie, was nodig nie en die resultaat was dus verseker.

Die diens in Natal is nou baie vereenvoudig. Hatting-spruit, 110 km van die grens, het eindstasie geword, terwyl in konvooi<sup>9)</sup> gery is tot Glencoe, 122 km (van die grens). Die eks-ploitasie van die Natallyn is altans administratief uiters eenvoudig, hoewel uit die aard van die saak baie onreëlmatig as gevolg van verskuiwings van kommando's wat slegs kort tevore beveel is om hulle geheim te hou, sodat dikwels veel van die personeel geëis is. Alle vervoer vind plaas op Goewernementsvervoerorders; daar is geen private vervoer nie, dus geen ontvangste en geen verantwoording nie. Daarteenoor word alle koste van personeel en materieel aan die Regering in rekening gebring.

Solank die voorraad gehou het, is gebruik gemaak van wat op die lyn agtergebly het, soos steenkool ens. So is byvoorbeeld die diensreëlings deur die Volksstemdrukkery wat in 'n spoortrok gemonteer was, gedruk op spyskaarte van die stasie-restourante (kyk figuur 17).<sup>8)</sup> Die Natalse koolmyne lê almal ten noorde van die Tugela en het onbeskadig in die hande van die gefedereerdes<sup>11)</sup> geval. Die myne het nie gewerk nie, sodat die steenkool wat nodig was vir die eksploitasie in Natal, van die Transvaalse koolmyne verkry is toe die aanwesige voorraad uitgeput was.

#### (4) Die werkswinkel

Ten slotte bly daar nog 'n deel van die NZASM se werksaamhede, wat nie minder as enige ander bedrywighede bygedra het nie tot die betreklike sukses van die republikeinse wapens en tot die voortsetting van die oorlog, vir bespreking oor.

Een van die dinge waarvoor die Departement van oorlog van die ZAR nie gesorg het in die jare tussen die Jameson-inal en die oorlog nie, was 'n arsenaal. Daar was wel kanonne, selfs van die beste, al is daar nie baie nie, en gewere en 'n groot hoeveelheid ammunisie vir beide. Maar daar is geen werkswinkel vir die vervaardiging van patrone, granate en in die algemeen wat hier onder bomme verstaan word - wat spoedig wenslik geblyk het -, ook geen werksinkels vir herstel van kanonne, gewere en waens, vir die vervaardiging van en reparasie van tuie, saals en die talle ander dinge wat tot die onmisbare uitrusting van 'n leër behoort nie. Deur die sogenoemde kommandering, dit wil sê gedwonge verkoop aan die Regering, asook uit verlate opslagplekke en uit winkels wat nog oop was, is min of meer voorsien in die behoefte aan klere, leerwerk en talle ander dinge, terwyl later verskeie werksinkels geïmproviseer is. Geweerpatrone is gemaak deur die Transvaalse Maatschappij voor Ontplofbare Stoffen en deur die Gebroeders Delfos te Pretoria. Vir die vervaardiging van kanonammunisie is die werksaamhede verdeel tussen die twee genoemdes, 'n werkswinkel te Johannesburg<sup>12)</sup> wat deur die Regering gekommandeer is onder beheer van verteenwoordigers van Creusot<sup>13)</sup>, en die Centrale Werkplaats van die spoorweg in Pretoria. Slegs die laasgenoemde was in staat om herstel van kanonne uit te voer.

Die Regering het veel gebruik gemaak van die beskikking wat hy kragtens die konsessie ook oor die werkswinkel van die NZASM as onderdeel van die spoorweg gehad het. Hoewel die onderhoudswerk aan die spoorwegmaterieel tot die nodigste beperk is, moes tog in die draaiery gereeld nagskofte gewerk word en daarvoor moes 'n volledige elektriese liginstallasie aangelê word. Onder die belangrikste werk wat in verband met die oorlog uitgevoer is, moet genoem word vier volledige ambulanstreine wat gereedgemaak moes word en elkeen bestaan het uit een hospitaalrytuig, 2 personerytuie, 5 bagasietrokke en 'n geslote goederetrok. Van die bagasietrokke was 3 sonder besondere inrigting, een voorsien van kabinette, filters, watervat en petroleumtoestel en een bowendien van 'n kaggel.

Die hospitaalrytuig (kyk plaat figuur 18, p. 439)<sup>8)</sup> is gemonter op bestaande onderstelle. Een daarvan bevat 32, die ander drie elk 20 beddens. Hierdie het staaldraadmatrasse gehad, behalwe 'n paar wat van 'n houtblad voorsien is vir gewondes wat die vering van die draadmatras nie kan verdra nie.

Van die werk wat vir die artillerie uitgevoer is en word, sal ek slegs die belangrikste noem. 'n 15½ cm Creusotkanon, bynaam Long Tom, is op Lombardkop voor Ladysmith in die begin van Desember (1899) tydens 'n nagtelike uitval deur die Britte beskadig. Dit is geheel herstel en het begin Januarie (1900) die werkswinkel verlaat. Op geringe afstand van die mond is die loop deur 'n dinamietlading swaar beskadig net soos die agterent daarvan, terwyl ook die sluitstuk ontbreek het. Die kanonloop is van voor en agter ingekort met totaal ongeveer 40 cm, die kamer is vorentoe verplaas, 'n nuwe spiraalgroef is gesny en 'n nuwe sluitstuk vervaardig. Die kanon het blykbaar niks aan noukeurigheid en nouliks aan draagwydte verloor nie (kyk figuur 19, p. 440).<sup>14)</sup>

'n Houwitser-Kruppkanon is eweneens voor Ladysmith beskadig deur 'n lading dinamiet wat bo op die loop geplaas was en 'n duik in die siel veroorsaak het. Dit is herstel; die duik is verwyder en die spiraalgroef in die loop reggemaak.

In die plek van 'n dergelike Krupp-kanon wat te erg verniel was om te herstel, is 'n heeltemal nuwe Houwitser vervaardig, geheel volgens die voorbeeld van die vernielde. Staal wat aan dieselfde eise as die voorbeeld voldoen het, is in Johannesburg gevind in die vorm van 'n swaar masjien-as. Die kanon lewer nog goeie diens.

Verder is talle herstelwerke aan groot en klein kanonne en Maxims verrig. Vir die 15½ cm Creusot-kanonne is drie voorwaens en platforms gemaak en vir verskeie kanonne is wiele herstel en nuwe vervaardig.

Vir die Houwitser-projektiele is staalpunte gemaak met die bedoeling om teen pantsertreine gebruik te word. Maar verreweg die meeste werk vloei voort uit die giet en gedeeltelike afwerking van tyd- en skokbuise vir projektiele wat soos reeds

vermeld is, in samewerking met ander werkswinkels geskied.<sup>15)</sup>

Pretoria, April 1900

Th. Steinmetz  
Sekretaris van die NZASM

(gepubliseer in "De Ingenieur", jaargang 15, nos. 28 en 29,  
1900)

Verwysings.

- 1) "Kleurlingen" - In regstreekse verkeer met die Kaapkolonie word ook blankes in die kleurlingklas vervoer. (Noot van Th. Steinmetz - St.)
- 2) Die gehele blanke personeel het aan die einde van 1898 uit 3051 persone bestaan. (St.)
- 3) Die regerings van die Boererepublieke het in die algemeen slegs soldy betaal aan die professionele lede van die Staatsartillerie en die Staatspolisie en nie aan die burgers en buitelandse vrywilligers op kommando nie. (Noot van C. de Jong - C.d.J.)
- 4) Daarna is ten minste een ernstige aanslag teen NZASM-spoorweë gepleeg. Die gebore Duitser Francis Christian Ludwig Steinacker het op eie inisiatief met drie tot ses metgeselle heimlik uit Natal na die Oos-terlyn getrek en in die nag van 17 Junie 1900 die spoorbrug by Male-lane opgeblaas. Daardeur het 'n goederetrein ontspoor en is die lokmotiefbestuurder en sy stoker gedood. - Steinacker het 'n paar weke later die onzereëldde vrywilligerkorps Steinacker's Horse gestig en vanuit Swaziland teen die republikeine opgetree. (C.d.J.)
- 5) Engels: "to blow up" (St.)
- 6) Volgens Van Dale, "Groot Woordenboek der Nederlandse Taal", deel 1, 1983 is "koplading" 'n laaiplek op spoorwegterreine waarop die trokke aan die smal voor- en agterkant gelaai kan word. (C.d.J.)
- 7) Skameltrok, Nederlands: schamelwagen: dit is volgens Van Dale, "Groot Woordenboek der Nederlandse Taal", 1983, deel 2, 'n wagen met schamel. Schamel is volgens die boek 'n draaibare draagbalk met style waar-tussen 'n uit lang voorwerpe bestaande lading kan lê. (C.d.J.)
- 8) Om tegniese redes is dit onmoontlik om die talryke afbeeldings in Steinmetz se artikel by my vertaling te reproduseer. (C.d.J.)
- 9) Met konvooi is blykbaar gewapende geleide op die trein bedoel. (C.d.J.)
- 10) Einde van die eerste aflewering van Steinmetz se verslag in "De Ingenieur" van 1900. (C.d.J.)
- 10a) Kyk byvoegsel by die artikel van R. Searle, "The story of 'Roos'" in "Pretoriana" no. 91, NZASM-Herdenkings-uitgawe, April 1987, p. 41.
- 11) Met "gefedereerden" bedoel Steinmetz hier die geallieerde Boererepublieke. (C.d.J.)
- 12) Dit is die metaalbewerkingsfabriek van Thomas Begbie in Johannesburg wat op 24 April 1900 deur 'n ontploffing heeltemal verwoes is. (C.d.J.)



- 13) Die twee verteenwoordigers van die wapenfabriek Schneider & Co. te Le Creusot in Frankryk was L. Grünberg en Sam Léon. (C.d.J.)
- 14) Weens die inkorting van die Long Tom se loop as 'n soort besnydenis het die herstelde kanon die bynaam "die Jood" gekry. (C.d.J.)
- 15) Kyk oor die NZASM se werkwinkel in die oorlog 1899-1900 ook: C. de Jong, "Skandinawiërs in die Tweede Anglo-Boere-oorlog 1899-1902", deel 2, Amsterdam 1984, p. 32-33 en 151. Die hoof van die werkwinkel was naamlik die Sweed, ingenieur Axel Christer Helmfriid Ugkla, byge-  
naamd "die kanondokter". (C.d.J.)

Naskrif van C. de Jong


Ingenieur Th. Steinmetz was 'n broer van 'n bekende sosioloog in Nederland, prof. Dr. S.R. Steinmetz. Hy het oor sy ervarings in Suid-Afrika gepubliseer in 'n onderhoud wat opgeneem is in die "Algemeen Handelsblad, Ochtendblad" van 12 September 1931, onder die titel "De Z.A.S.M.", na aanleiding van die oorlyde van Ir. J.A. van Kretschmar van Veen. Hy het na sy vertrek uit Transvaal in 1900 veertien jaar by die Nederlandsch-Indische Spoorwegan in Oos-Indië gewerk en daarna na Nederland teruggekeer.




*Theo Steinmetz, hoofingenieur van die NZASM en pionier van die Oosterlynkonstruksie.*

*Foto: Transvaalse Argiefbewaarplek te Pretoria*

*Twee afbeeldings uit Th. Steinmetz, "De NZASM in den Transvaalsch-Engelschen oorlog", in "De Ingenieur", jrg. 15 no. 29, jaar 1900, herdrukt in het gedenkboek "In memoriam NZASM", Amsterdam, 1909.*



*Die boonste spoorbrug toon die vernieling wat by 'n uitval uit Ladysmith aangerig is en wat deur personeel van die NZASM eenvoudig, maar doeltreffend herstel is. Die onderste foto toon die spoorbrug oor Waschbankspruit wat deur Boere tydens hul terugtog van Ladysmith na Biggarsberg in Maart 1900 opgeblaas is.*



HENDRIK STIEMENS, 1822-1894  
 DIE LEWENSKETS VAN 'N VERDIENSTELIKE NEDERLANDER  
 IN NATAL EN DIE ZUID-AFRIKAANSKE REPUBLIEK,  
 1856-1879, 1882-1894 (II EN SLOT)<sup>1)</sup>

deur Kol. Dr. J. Ploeger

(8) Van 1869-1879

Tot 1869 het Stiemens sy werksaamhede voortgesit en in dié jaar eerste staatsklerk geword. Hy het die moeilike bestuurs-tydperk van President Burgers (1834-1881) as amptenaar meegemaak en gesien hoe hierdie Staatspresident sy uiterste bes gedoen het om tot heil van land en volk te regeer en te arbei. Shepstone het gekom en van alle Transvaalse amptenare wat hul betrekkinge wou bly beklee, is geëis om die eed van getrouheid aan die nuwe bewind af te lê.

Vir Stiemens was dit 'n moeilike oomblik maar met die oog op sy gesin en "vroegere wederwaardigheden", waaroor hy nie verder uitwei nie, het hy besluit om die eed af te lê.

Na die intog van Shepstone het Pretoria, aldus Stiemens, "eene stad geheel aan de pracht en vroolijkheid gewijd" geword.

Stiemens het tot 16 Oktober 1879 in diens van die nuwe regering gebly en daarna met 'n deel van sy gesin na Nederland vertrek. In "De Volksstem" van 21 Oktober van dieselfde jaar is o.m. opgemerk: "en alleen de verandering van bestuur bragt hem er toe zijn welverdiend pensioen aan te vragen".

Aan die slot van die manuskrip kom die volgende opmerking voor: "Na achterlating van 3 onzer kinderen die er zeer goede betrekkingen hebben, verlieten wij dit schoone land, welker bewoners nu nog in gedurige strijd zijn; maar als orde, rust en vrede terug keert, als de bewoners zich meer toeleggen op kunsten, wetenschappen en landbouw, als de menigvuldige steenkolen aldaar gebruikt worden om fabrieken te doen werken en als het schrille gefluit der locomotief door de bergen weerkaatst, dan zal dat land de voorraadschuur worden van geheel Zuid-Afrika en een der prachtigste paarden in de Kroon der Statenrij van geheel de wereld".

Met hierdie aanhaling eindig die beskrywing van Stiemens wat, in sy handskrif, ruim 120 bladsye beslaan. Soos reeds vermeld, het Stiemens 'n rol in die woelinge gespeel wat in die sestigerjare die Transvalers verdeel gehou het. Hy was nie alleen 'n ooggetuie nie, maar ook 'n deelnemer aan die burgeroorlog en <sup>1</sup> soos uit sy herinneringe opgemerk kan word - 'n verbitterde deelnemer.<sup>2)</sup>

Soos die skrywer opgemerk het, is Stiemens se mededelings oor die tydperk van 1869 tot 1879 beknopt. Danksy die hulp van tans wyle Dr. C.P.J. Penning van Harderwijk (Nederland), is die skrywer in staat om uittreksels van briewe van Hendrik Stiemens aan sy seun Hendrik e.a. voor te lê.<sup>3)</sup>

'n Paar woorde in verband met die betekenis van die briewe en die kort aantekeninge wat aan die dagboek ontleen is, is ongetwyfeld hier vanpas.

- (a) As bronne van inligting aangaande H. Stiemens Sr. en sy gesin is die gegewens belangrik. Later geld dit ook met betrekking tot hul kinders in Johannesburg, Potchefstroom en Pretoria.
- (b) As bronne van inligting aangaande die opvatting, soos deur Hendrik Stiemens Sr. in verband met godsdienstige en staatkundige vraagstukke gehuldig, is die gegewens waardevol. O.i. is daardie deel wat lig op die tydperk voor die Eerste Anneksasie werp en die gebeurtenisse wat tydens die Anneksasie beroering in en buite die grense van Transvaal verwek het, belangrik. Stiemens se beskouings is persoonlik, bots in seker meer as een opsig met die opvatting van tydgenote, maar is van voldoende waarde om gelees en oordink te word. Vir doeleindes van vergelykende studie kan die briewe van Hendrik Stiemens Sr. vergelyk word met 'n aantal briewe wat ongeveer gelyktydig deur Dr. E.J.P. Jorissen en sy gade geskryf is.<sup>4</sup>
- (c) Ten slotte is die ooggetuieverslag van die opkoms van Johannesburg, soos deur Hendrik Stiemens Sr. geskets, van geskiedkundige waarde.

Die redaksie van die volgende briewe en brokstukke is gelyk aan dié soos deur Dr. Penning verstrekk. Hier en daar is (tussen hakies) woorde of dele van woorde deur die bewerker ingevoeg om die teks beter leesbaar te maak.

- (1) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Pretoria, 4 November 1877.

"Hebben ruim goed huis en fraayen tuin ... Gij schrijft mij over den v... jood Lion Cachet,<sup>5)</sup> gij moet van hem geen notitie nemen, het meeste wat hij in de nieuwsbladen brabbelt zijn leugens; dat Burgers de Republiek zou verkanseld hebben is een verachtelijke leugen, maar het was voor hem onmogelijk die te behouden, doordien men geen belasting meer wilde opbrengen, de zoogenaamde Orthodoxen hem tegenwerkten en de alhier wonende Engelschen natuurlijk moeite deden om onder het Britsche gezag te staan. Dat Burgers de Republiek niet verkocht heeft blijkt uit een schrijven van hem gisteren ontvangen, waarin hij zeer neerslachtig is, niet wetende wat hij moet doen, daar hij geen penny meer bezit. Wel is waar geloof ik wanneer zijn plannen minder groots en wat zuiniger waren geweest, zoude het misschien beter gegaan zijn, doch te eeniger tijd zou de Republiek toch moeten bukken, want de Afrikaanders waren te veel onder elkander verdeeld en ieder wilde voor zich zelve gaarne regeeren.

Het gaat ons onder het nieuwe bestuur zeer goed. De gouverneur Shepstone<sup>6)</sup> en gouvernem. secret. Osborn,<sup>7)</sup> mijn superieuren, maken het mij zeer aangenaam en (ik) sta met hen op goeden voet, ofschoon ik £50.- minder salaris trek en geen buitenskanjes meer heb, dat vroeger nog al eenige voordeeltjes opleverde. Ik ben nog eerste klerk, maar omdat alle correspondentie in het Engelsch is heb ik maar weinig te doen, het is bijna een pensioen, met dien verstande, dat ik mij ten kantore moet vertoonen; er moge verandering komen wanneer de Commissie naar Europa is teruggekeerd en de bevelen van Lord Carnarvon

zijn aangekomen, toch geloof ik niet dat de verandering zeer te mijnen nadeele zal zijn."

Sy seun Frits is nog altyd derdeklerk en die heer Van Boeschoten<sup>8)</sup> sal môre met mej. Hendriks in die huwelik tree. Stiemens se twee dogters Henriette en Carolina Cornelia sal bruidsmesies wees.

Onder dagtekening 11 November is aan bostaande skrywe toegevoeg dat Van Boeschoten en mej. Henderiks in die Wesleyaanse kerkgebou getroud is. Van B. se woning is nie ingerig vir 'n groot aantal feesgangers nie en bygevolg is die bruilof ten huise van Stiemens gevier. Daar was 'n vyftigtal jongmense wat tot "in den vroege morgen" gedans het. Die fees het op 'n aangename wyse verloop.

(2) Johannes Stiemens/Hendrik Stiemens Jr. De Steeg,<sup>9)</sup> 29 Junie 1878.

In hierdie brief deel die skrywer ('n seun van Hendrik Stiemens Senior) aan sy ouer broer te Aalten mee dat die voormalige Superintendent van Onderwys tydens Staatspresident Burgers se bewind, W.J. van Gorkom,<sup>10)</sup> hom eergister met 'n besoek vereer het. Van Gorkom het 'n paar weke vantevore uit Transvaal in Nederland teruggekeer. Van Gorkom het groete van die Stiemensgesin te Pretoria oorgebring "en sprak met veel roem over vader, moeder en de kinderen. Het was een achtenswaardige fam (ilie), die door elkeen bemind was. Vader was nog steeds le Staatsklerk, doch aangezien hij de Eng. taal niet magtig is, alleen in naam. Zijne werkkring was nu ongeveer die van archivaris en was met één uur bureautijd afgelopen; de overige tijd was vader steeds a (an) h (et) knutselen in den prachtige tuin die aan zijn woning grenst."

Volgens Van Gorkom was Stiemens selde of nooit uithuisig. Hy kon homself goed in sy huislike kring vermaak. Dikwels is partytjies ten huise van Stiemens gehou, nie omdat hy hulle gee het nie, maar omrede daar 'n groot saal in die huis was.

Die vernaamste inwoners van Pretoria gaan met die gesin om, aldus Johannes Stiemens se segsman.

(3) H. Stiemens/H. Stiemens Jr. Pretoria, 26 Augustus 1878.

"De Volksstem wordt iedere week verzonden, kunt U oordeelen over de politiek des lands, ofschoon vooral in den laatsten tijd ik niet in allen deele met hare gevoelens kan overeenstemmen, als hebbende daarin personaliteit den boventoon. De toestand van ons land is zoo kritiek zooals het nimmer in de 'inherent' zwakheid' geweest is. Van alle omringende Kafferstammen, en die zijn velen, zijn de berigten maar opstandig; de Eng. regering zendt wel hare troepen, maar de Kaffers spotten met de Rooi Baatjes en de boeren zijn tot dusver over het algemeen onwillig de handen uit de mouw te steken. Wilden de burgers medewerken, wel spoedig zou de hoogmoed der Kaffers gefnuikt worden.

Op morgen vertrekt het 13e regiment n (aar) h (et) toneel des oorlogs en wordt vervangen door het 80e Regim. Onderscheiden regimenten zijn komende, moge het tot iets goeds leiden."<sup>11)</sup>

Verder was Stiemens van oordeel: "Wij zijn nu eenmaal onder Britsche bestuur en wat John Bull heeft laat hij niet weder los."

Op daardie tydstip was Stiemens tevrede met die bestaande toestand, "want kreeg de Republ. haar vrijheid terug, dan zou ik ellende tegemoet zien."

In verband met die verkiesing van die latere Staatspresident S.J.P. Kruger as lid van die Boeredeputasie het Stiemens geskryf dat die oorsaak daarvan was "dat zijne fanatieke vrienden, die velen zijn, niets zouden (hebben?) bijgedragen tot den overtogt."<sup>12)</sup>

Hy het verder geskryf:

"Betreffende mijne vooruitzichten is het nog bij het oude en geloof (ik) nog aan geen pensioen; ik trek mijn salaris en behoef daar betrekkelijk weinig voor te doen. De Heer Begemann heeft f.1200.- 's jaars gekregen omdat men hem wilde kwijt wezen.<sup>13)</sup>

Nog niet openbaar is dat ex-president Burgers een pensioen van f.6000 kreeg. O tempore O mores; hij gaat nu boeren met struisvogels."<sup>14)</sup>

Stiemens het, in dieselfde skrywe, melding gemaak van die moontlikheid dat Van Gorkom dalk 'n besoek aan Hendrik Stiemens Jr. sou bring en die volgende oordeel oor die besoeker uitgespreek: "'t is een gulle kerel, zijn hart ligt op de tong en (hij) vertelt soms meer als hij verantwoord kan; evenwel missen wij veel aan hem, doordien hij veel aan ons huis kwam".

Die brief eindig met die volgende opmerking: "Wij leven hier in Pretoria alsof geen oorlogen of geruchten van oorlogen bestaan, concerten, bals, wedrennen etc. staan hier nooit stil, uw broer en zusters voldoen nogal aan de invitatiën, doch ons begint het te vervelen."

Op 'n ongedateerde byvoegsel is nog aangeteken: "De deputatie<sup>15)</sup> vertrekt heden met dezen post. De tegenstand der boeren vermindert niet. De oorlog met Secucunie wordt dreigend en word met ijver voortgezet. Adieu. Wanneer de deputatie in uw weg komt spreek met hen, zij waren bij mij gelogeed."

(4) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Pretoria, 1 Junie 1879.

Stiemens het die volgende skrywe ter hand gestel aan "eenige kennissen" van hom wat die daaropvolgende week na Europa sou vertrek. Hulle was die here De Vries, Verdoorn en Brodrick.<sup>16)</sup>

Na hierdie mededeling volg dan die volgende beskouings: "Met den oorlog tegen Zulu's en Sekoekoeni ziet het er maar elendig uit, wanneer er geen krachtdadiger middelen door Engeland worden genomen kan het nog lang duren. De Engelschen hebben geen de minste kennis om met die woeste horden te strijden en daarom worden van tijd tot tijd zulke (aan)merkelijke verliezen geleden. Men had eerst de Zulu's moeten beoorlogen en dan de Republiek annexeeren, dan had men op de hulp der Afrikaanders kunnen rekenen, want de Zulu's hebben allen vrees voor de boeren, ofschoon het niet meer dezelfde boeren zijn als voorheen, het jongere geslacht bevat veel geschreeuw en weinig wol, vaderlandsliefde is bij hen onbekend, alleen zullen zij opgaan ten strijde wanneer er persoonl (ijk) voordeel te behalen is en

zelfs in dat geval werken zij niet eendragtig; iedere familie wil een lid van hen a (an) h (et) hoofd hebben.

Er is zelfs geen sprake meer van om de Republiek met kracht terug te eischen en velen der nog oude patriotten hebben besloten hunne woonsteden te verkoopen om naar Delagoa Baai te vertrekken en op Portugeesch grondgebied te gaan wonen.

De Portugees heeft den boeren reeds eenigen grond op vrij gemakkelijke voorwaarden toegestaan. Doordien de boeren onwillig zijn hun land te bewerken stijgen de prijzen der noodzakelijke levensbehoeften zoodanig, dat nimmer gehoorde prijzen besteed moeten worden.

Ieder huisgezin lijdt er onder, f.300.-<sup>17)</sup> 's maands is niet meer genoegzaam om een huisgezin als het onze te onderhouden, zoodat wij al een geruimen tijd meer geld bij het tractement moeten bijleggen. Zooals het nu is kan het niet blijven bestaan en de uitkomst is nog niet in het verschiet, maar wordt van dag tot dag erger.

Van terzijde heb ik vernomen dat spoedig aan mij pensioen zal verleend werden, maar hoeveel is nog onbekend. Wij zijn aangeraden naar Holland te gaan, maar (ik) wil nog niet tot een besluit komen voor en al eer ik weet om daarvan in Nederland fatsoenlijk burgerlijk te leven."

En terwyl Stiemens Sr. met 'n gevoel van onsekerheid oor sy toekoms aan sy seun in Nederland geskryf het, was Frits<sup>18)</sup> en Willem, sy seuns in Pretoria, met 'n sestigtal lede van die plaaslike vrywilligerskorps besig om 'n piekniek te hou en hul kragte in verband met skyfskiet te meet. Willem, wat in die plaaslike poskantoor gewerk het, is deur 'n seun van 'n Engelsgesinde vervang.

Van Boeschoten en sy eggenote het 'n groot verlies gely deur die afsterwe van hul dogtertjie.

Met die mededeling "Onze nieuwe excellentie<sup>19)</sup> is een zeer bekwaam man, deze week zijn wij verzocht bij hem te dineeren", sluit Stiemens hierdie brief af.

(9) Na Nederland en die verblyf aldaar (1879-1882).

Stiemens se loopbaan in ons land kan, na sy aankoms in Natal (1857), in die volgende tydperke afgebaken word:

- 1) Verblyf in Natal (1857-1859). Stiemens het o.m. met T.C. Colenbrander op Pinetown in aanraking gekom en onderwys op verskillende plase gegee. Oor hierdie tydperk het Stiemens heelwat wetenswaardighede verstrekk wat in die reeds genoemde artikel in "De Gids" gepubliseer is.
- 2) Verblyf in Transvaal (1859-1879). Stiemens tree op as eerste goewermentsonderwyser van Pretoria, bemoei hom met die binnelandse wrywings wat tot die burgeroorlog van die vroeë sestigerjare gelei het en word verban. Hy kom terug, hervat sy werksaamhede in Pretoria en tree in 1869 as onderwyser af. Hy beklee daarna administratiewe poste, is in Mei 1875 waarnemende Staatsekretaris tydens die Burgersbewind, bly ook na die anneksasie in owerheidsdiens en tree in 1879 af. Hy ontvang 'n pensioen van die Britse adminis-

trasie in Transvaal en verlof om hom te gaan vestig waar hy wil.

In "De Volksstem" van 21 Oktober 1879 is verklaar dat Stiemens se pensioen onvoldoende was om "hier in de behoeften van zijn gezin te voorzien en hij daardoor genoodzaakt is te repatriëeren". 'n Paar dae voordat hierdie berig in "De Volksstem" verskyn het, het Stiemens, sy eggenote en die drie jongste kinders (Anna, Henriette, Carolina C.) oor Potchefstroom na Natal vertrek en vermoedelik op 2 Desember 1879 te Durban aan boord van die Britse posboot gegaan. Op 31 Desember van dieselfde jaar was die reisigers in Rotterdam (Nederland) en op Nuwejaarsdag 1880 het hulle op Aalten (prov. Gelderland) aangekom. Daar het Stiemens Sr., sy gade en die drie kinders hul intrek in 'n woning aldaar geneem wat die oudste seun vir die tydperk van 'n jaar vir sy vader gehuur het. Die weersien tussen die vader en sy oudste seun was hartelik, maar die verhouding tussen Hendrik Stiemens Jr. en sy stiefmoeder het, soos dit o.m. uit mededelings in die briefwisseling blyk, veel te wense oorgelaat.

Uit dié tydperk dateer die volgende briewe:

(5) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Durban, 24 November 1879,

Die skrywer berig aan sy seun dat hy en die syne die reis van Pretoria na Durban sonder ongelukke voltooi het. Hulle sal op 2 Desember aan boord van die posboot gaan en sal na aankoms in Rotterdam 'n telegram of 'n brief stuur.

(6) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Rotterdam, 31 Desember 1879. Telegram.

Telegram nr. 59. Rotterdam, 31 Desember 1879, 10.45 voormiddag. Aalten, 11.43 voormiddag. Teks: H. Stiemens Aalten. Morgenochtend vertrekken wij met de Rijnspoor n(aar) Winterswijk. H. St.<sup>20)</sup> Aantekening by die teks "1 Jan (uari) 1880 hebben Lona<sup>21)</sup> en ik de fam(ilie) per rijtuig van Station Winterswijk gehaald."

(7) Frits (?) Stiemens/H. Stiemens Jr. Pretoria, 28 Oktober 1880.

"Ik kan me goed begrijpen hoe de ontmoeting van vader en zoon moet geweest zijn als men elkaar in zoo 'n geruimen tijd (25 j.) niet gezien heeft en nu zie ik dat ze U alweer verlaten, beter dan kunnen de zusjes goed leeren, vooral Engels, want hier wordt nu bijna niets anders gesproken, op kantoor correspondentie alles in die taal. Boeschoten heeft 2 m (aanden) verlenging van verlof gekregen en zal dus niet voor eind Jan(uari) terug zijn ..."

Aantekening in potloodskrif in die handskrif van H. Stiemens Jr.: "Dit Engelsch leren (deur kinders van Stiemens Sr.) te Genemuiden<sup>22)</sup> is een smoesje, een rede om uit Aalten te geraken op verlangen van Ma."

(8) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuiden, 4 Februarie 1881.

Mededelings in verband met kiste wat seek geraak het by die



spoorweë. Gisteraand 'n besoek aan dr. Langeveld gebring. "De menschen verzoeken om lezingen over Transvaal." Vra sy seun om 'n verhuisbewys.

In verband met die lesings oor Transvaal, wat deur Stiemens voor sy vertrek van Aalten na Genemuiden gehou is, het die volgende berig op 11 Januarie 1881 in die "Zutphensche Courant" verskyn. Die verslag is van 10 Januarie 1881 en lui soos volg:

"Met een wensch bij de intrede des jaars werden Vrijdagavond de leden der Leesvereniging en hunne dames in de vergadering door den Voorz (itter) welkom geheeten, waarna de oude heer Stiemens werd uitgenoodigd zijne lezing van 10 December te vervolgen.

Even onderhoudend en boeiend als vroeger verhaalde de spreker ons veel merkwaardigs uit die jaren van zijn leven, door hem in staatsbetrekking te Pretoria, de hoofdstad der Transvaal, doorgebracht.

Daar zijne lotgevallen zoo nauw samenhangen met de gebeurtenissen die gedurende de laatste twintig jaren ook vooral door ons volk met belangstelling werden gevolgd, kon de heer Stiemens uit den rijken schat zijner herinnering ons veel vertellen om te worden gehoord en onthouden.

Zowel het voor een groot deel avontuurlijke zijner ontmoetingen als de gezellige wijze waarop hij teruggeeft wat hij zag en ondervond, waren oorzaak dat zijn hoorders zijne voordracht, zowel vóór als na de pauze met de grootste belangstelling volgden.

Een hartelijk woord van welverdiende dank, zowel voor deze als voor de vroegere lezingen, werd den geachten spreker door den Voorzitter toegebracht, die het betreurt ook voor onze Leesvereniging dat de heer Stiemens zoo spoedig deze gemeente zal verlaten en hem nog een aantal rustige levensjaren na een zoo veelbewogen leven toewenschte. Gaarne vereenigen wij ons daarmede en roepen ook door dezen den ouden heer Stiemens een hartelijk vaarwel toe."

Volgens Hendrik Stiemens Jr. se mening was dit slegs 'n voorwendsel om van Aalten weg te kom dat mev. Stiemens daarop aangedring het om na die dorpie Genemuiden te verhuis. Daar kon, volgens haar opvatting, die drie meisies beter onderrig in die Engelse taal ontvang as in Aalten die geval was.

Op 1 Februarie 1881 het Stiemens Sr. en die syne uit Aalten vertrek. Volgens 'n opgawe ontleen aan die bevolkingsregister van Genemuiden het die vestiging aldaar op 16 Maart plaasgevind. H. Stiemens Sr. is in die register ingeskryf in sy hoedanigheid as "Gepens. Staatsklerk Transvaal". Die burgemeester van Genemuiden het in 'n brief aan die skrywer meegedeel:

"Deze personen zijn op 20 April 1882 vertrokken naar Transvaal Z. Afrika. Voor zoover na te gaan, was de woning gelegen aan de weg naar het veer, een ouderwets huis, thans bewoond door notaris Mr. J.J. Hespers, vroeger door burgemeester Tjalma. In dat huis woonde indíe dagen:

Johanna Agátha Bakker geb. 22 Februarie 1838 te Alkmaar, zonder beroep, 22 April 1880 gekomen van Ravenstein en 26 April 1881 vertrokken naar Wijk bij Duurstede.

Lodewijk Adolph van de Burgh geb. 17 November 1838 te Groningen.

Theodor Sophie van de Burgh geb. 18 November 1872 te Dordrecht.

Wilhelmina Adriana van de Burgh geb. 7 November 1874 te Dordrecht.

Deze vier personen zijn gelijk gekomen en gelijk vertrokken uit Genemuiden naar dezelfde woonplaats. De naam mev. Koning-Bakker kwam niet in het register voor."

Die volgende briewe (of fragmente) dateer uit dié tydperk:

(9) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuiden, 21 Februarie 1881.

Van plan om te onderhandel met iemand wat die Engelse taal magtig is om les te gee. Stiemens het met 'n paar vooraanstaandes van Genemuiden in aanraking gekom soos die plaaslike notaris (Jonkers), dr. Langeveld en ander.

"Over 't algemeen (zijn de) bewoners streng orthodox, en als in (de meeste) kleine plaatsens erg nieuwsgierig uitgevallen."

Die boonste verdieping van die woonhuis word deur 'n vriendelike, deeglike dame, mev. Koning-Bakker, bewoon. By haar woon 'n wewenaar met twee kinders, 'n oud-kaptein van die pontonniers. Sy van is Van der Burg.

Stiemens verlang na briewe en koerante uit Transvaal, hoop dat dit spoedig vrede mag wees. Op Genemuiden is die lewenskoste soos op Aalten, drie keer per dag vaar 'n stoomboot na Zwolle. Op Genemuiden is mattemakerye en word vissery beoefen. Een van die kiste is nog nie gevind nie. "Menigmaal spreken wij nog over de aangename dagen bij U doorgebracht en hopen op spoedig wederzien."

(10) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuiden, 12 Maart 1881.

Een kis is nog nie tereg nie. Indien die reiskoste nie te kosbaar sou wees nie dan sou H.S. persoonlik 'n ondersoek gaan instel. Frank<sup>23</sup>) en Adriana het geskryf en 'n koerant gestuur. Hulle het in twee maande niks van Frits en Willem verneem nie, aangesien Pretoria deur die Boere ingesluit is.

"In Potchefstroom heeft het niet mals toegegaan. Beide partijen verlangen n(aar) vrede en er is veel kans (dat) de boeren veel voordeelen zullen behalen, maar wat helpt het; de Engelschen hebben Delagoabaai v. d. Portugeezen gekocht, zoodat Transv (aal) en Or (anje) Vr (ij) Staat geheel door Eng. (elsche) bezittingen omringd, en uit- en invoer onder Britsche macht, dus zullen de boeren na de overwinning feitelijk verliezen. - Geen berichten van Frits, geen wissels, verzoek den notaris te wachten tot ik mijn pensioen krijg."

(11) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuiden, 11 April 1881.

"Genemuiden begint ons meer te bevallen, dit neemt niet weg, dat wij op den duur alhier onze tabernakelen niet zullen bouwen. Voor eenigen tijd hebben de Hr. en Mev. Bergsma<sup>24</sup>) met jongste dochttertje een paar dagen te logeeren gehad, veel over Transv,

(aal) gepraat. Zoo lang hun moeder leeft hebben zij geen plan terug te gaan; zij zijn rijk, gaven fraaie cadeaux. Anna ontving gisteren nog een keurige naaimachine ..."

"Verleden week ontvingen wij brieven van Frank en Adriana d.d. 16/2, het zag er toen te Potchefstroom maar ellendig uit."

(12) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuiden, 8 Junie 1881.

In Genemuiden is nou meer vertier. Die verlore gewaande kis het deur bemiddeling van neef Hendriks, oor Groningen aangekom. Die briefwisseling met Transvaal is herstel.

"Frits en Willem hebben een belegering (van Pretoria) van 100 dagen te verduren gehad door de boeren en hebben nog al eenige uitvallen moeten mede maken en dat nog wel tegen vele vrienden, die onder de boeren waren. Ze zijn er gelukkig afgekomen, ofschoon er wederzijds velen gesneuveld en gewond zijn geworden, ook van onze bekenden. Frits was aangesteld als luitenant der Artillerie en had als zoodanig het commando over een batterij en Willem was bij de Cavalerie en kregen boven hun gewoon salaris nog kost en tractement, Frits f6.- Willem f3.-dgs., dus geen nadeel. De eenige schade, die zij leden is dat terwijl zij in het fort waren hun huis is opengebroken en 3 horloges, viool enz. hebben geplunderd: Frits is bevorderd tot Eerste Staatsklerk en Willem ook een rang hooger. V. Boeschoten is weer in Transv (aal) gearriveerd. Den notaris verleden week f.76 per post (wissel) gezonden. Het salaris bleef wel wat lang weg, doch wij hebben ons er nog door kunnen scharrelen." Anna is deur die familie Bergsma uitgenooi om die aanstaande feeste in Utrecht te kom bywoon.

(13) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuiden, 11 Junie 1881.

Briewe uit Pretoria en Potchefstroom ontvang. "Zijn daar niet zoo gerust met den vrede als de couranten ons diets maken. De Engelschen zijn ijverig bezig om te Pretoria weder 2 forten te bouwen op bergtoppen om de stad te beschermen. Pretoria en Potchefstroom worden ook reeds door vele familiën verlaten."

St. spreek die hoop uit dat die beste mag geskied. Vanweë die groot reisuitgawe kan hulle nie op Aalten kom kuier nie en geen kuiergaste ontvang nie. Hulle besit weinig meubels, slaap op "kermisbedden". Toe die Bergsma's kom kuier het, het hulle by ander mense geslaap.

(14) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuiden, 28 Julie 1881.

Die familie Skinner kom vandag na ons toe. Uit Transvaal "berichten dat ik door de boeren zal worden opgeroepen naar Afrika terug te keeren, w(aar) sch(ijnlijk) niet zeer spoedig." Carolina het maseis, is byna weer herstel.

(15) Anna Stiemens/H. Stiemens Jr. Genemuiden, 25 Augustus 1881.

"Pa heeft een brief v (an) h (et) Eng (elsche) governement (ent) ontvangen waarbij zij Pa aanbieden om zijn pensioen indien hij zulks verlangt te koop te koop tegen 5 jaar dus £750. Indien Pa het niet aanneemt blijft het Eng, government zijn pensioen betalen. Pa weet nog niet wat hij zal doen. Ook heeft Pa een

brief van een Joubert ontvangen, die lid v.(an) d.(e) uitvoerende raad is, hij verlangt dat Pa terug zal komen om weer met hem op het kantoor werkzaam te zijn. Frits is secretaris v.(an) d.(en) beroemden generaal Joubert geworden en (heeft) niet veel te doen, zoodat hij met privaat werk jaarl.(ijks) wel £400.- kan maken. Willem is 2e klerk geworden met een salaris v.(an) £150."

(16) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuïden, 15 November 1881.

"Ben alhier bezig mijn ontmoetingen in Africa voor te dragen en daar men gaarne het eind wil vernemen hebben ze mij dringend verzocht nog een paar lezingen over hetzelfde onderwerp te houden.

Onze reis naar Afrika is reeds vastgesteld, zoodra het weer gunstiger wordt, w(aar) sch(ijnlijk) April of Mei. Van het Driemanschap ontvang ik tijding (dat) zij mij gaarne terug wilde hebben; ik heb hen geschreven (dat) zij dan een baantje voor mij moesten open houden, waaraan zij zonder twijfel ook wel gevolg zullen geven."

(17) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuïden, 13 Desember 1881.

Wag op briewe uit Afrika. "Wij zijn wel overtuigd, dat men mij een goede betrekking aldaar wil geven en dit is ons door het Driemanschap ook alreeds aangeboden, doch daar wij gaarne willen weten welk baantje, en ook daar ik geschreven heb om Secretaris bij den Comt. Genl. en Superintendent over de Kafferstammen P. Joubert met verhooging v (an) salaris en niet veel te doen. Mijne lezingen worden druk bezocht en ben van plan nog eens op te treden."

(18) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuïden, 3 Februarie 1882.

"De brieven uit Africa blijven meer dan gewoon achterwege." Skrywe van die familie Bergsma ontvang. Frits het van sy perd afgeval en sy hand beseer. Daarna het hy tifus gekry. Hy lo-seer by Frank en Adriana.

"De dood van Burgers op 48 j (arige) leeftijð heeft veel sensatie verwekt na zijn dood zal hem zooals gewoonl (ijk) de eer gegeven worden.<sup>25)</sup>

(19) H. Stiemens Sr./H. Stiemens Jr. Genemuïden, 3 Februarie 1882.

"Gisteren brieven uit Afrika ontvangen. Frits weder geheel hersteld. Mijn aanstelling als Secretaris v. d. Volksraad ligt voor mij ter goedkeuring met een salaris van £300 's jaars. Ons werd door Joubert medegedeeld haastig te komen. Plan einde dezer of begin volgende maand de reis aan te nemen. Zullen U voor een dag bezoeken..." Die laaste kind van Van Boeschoten is "verleden Kerstmis" ook oorlede.